

16 Maart

Skrifgedeelte: Spreuke 15

Fokusgedeelte: Spreuke 15:33b (OAV)

Nederigheid kom voor eer

Die mens soek sedert die paradys na eer. Hy wil "soos God" wees. Hierdie soektog het gelei tot die sondeval en die mens het "soos stof" geword. Die sonde het hom van alle eer beroof.

Al die hedendaagse soeke na eer is nutteloos. Die sonde weerhou dit van ons. Eer kan nie deur 'n sondige lewe verkry word nie. Eer kan alleen 'n genadegawe wees wat jy ontvang. En die weg waarlangs jy dit kan ontvang, word deur die Spreukedigter hier treffend aangetoon. Dit kom langs die weg van nederigheid.

Op hierdie weg van nederigheid struikel ons dikwels. Ons wil ons so graag beter voordoen as ander en ons belangriker ag as my naaste. Nederigheid beteken juis om as die geringste van almal gereken te word.

Wat vir die mens onmoontlik is, het God in Christus vir ons kom moontlik maak. Die weg van nederigheid het Christus as Middelaar, in ons plek en vir ons, op volkome wyse deurloop. Hy, wat God is, het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan mense gelyk geword; en ... Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is (vgl. Fil 2:6-9).

Deur Christus se weg van nederigheid het Hy die hoogste eer verwerf. Elke mond moet Hom roem en elke knie moet voor Hom buig.

Wie deur die geloof aan Hom gebind is, het ook deel aan die besondere eer om profeet en priester in sy diens te wees en eendag vir ewig saam met Hom as koning te regeer.

Sing: Psalm 25:2 (1936-beryming)

Ds SA Cilliers (Waterberg)

